

29 April

Skrifgedeelte: Esegïel 17

Fokusgedeelte: Esegïel 17:21,22

Sonder God kan ons die lewe nie verstaan nie

Esegïel moes deur 'n fabel God se Woord aan die volk verkondig. Die fabel verduidelik die geskiedenis van Juda in die tyd kort voor die ballingskap. Koning Jojagin was in Babel in ballingskap en sy oom Sedekia het in Jerusalem geregeer. Nebukadnesar het vir Sedekia op die troon gesit en Sedekia het aan hom trou gesweer. Hy het egter sy eed verbreek en by Egipte hulp gesoek in sy opstand teen Babel. Hiervoor sou hy swaar boet. Hy is na die beleg van Jerusalem gevang, sy seuns is voor sy oë doodgemaak en sy oë is uitgesteek. Hy is ook na Babel geneem waar hy gesterf het. Alhoewel Nebukadnesar hierdie dinge gedoen het, maak Esegïel dit duidelik dat dit God is wat al die dinge beheer het. Vir die mense van Juda en Jerusalem, ook dié wat saam met Esegïel in ballingskap was, moes al die gebeure moeilik sin gemaak het. In die lig van God se Woord word dinge egter duidelik. Die volk se sonde het tot oordeel gelei. Selfs die koning van die magtigste ryk van daardie tyd is maar bloot 'n instrument in God se hande om sy doel te verwesenlik. Wanneer ons worstel met vrae oor die sin van die lewe en die sin van dinge wat met ons gebeur, moet ons nooit vergeet om God se hand in ons lewe raak te sien nie. In Christus maak ons lewe sin, ook wanneer ons nie al die antwoorde op ons vrae het nie.

Sing: Psalm 138:4

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)